# Hey! Brokkies
# Nuus Januarie

"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## Blinknuwe jaar loer vir ons met opwindende nuwe uitdagings !

1.**By Bonnytoun is Desember soos enige ander maand-geen vakansie**...maar Vanessa het steeds betrokke gebly by hierdie verhoorafwagtende seuns en Hey! het hande gevat met Jannie Marais, Chris Bester en NG Lourensrivier se jeug om koek, Kersgeskenke en musiek te verskaf wat hulle Oukersdag opgekikker het. Die eredienste op Sondae asook lesse gedurende die week gaan voort soos altyd en ons besef die belangrikheid om in die seuns se lewens in te bou.



Ons is ♥ vir ander kinders

2.**"Buzz" woord in skole= CAPS!**: Hey! se skole bediening was en word beïnvloed hierdeur in 2013. As jy "google" is hierdie jou antwoord: **"what is CAPS? CAPS stands for National Curriculum and Assessment Policy Statement. The CAPS give clear guidelines as to what content has to be taught in a particular year and subject"** Dit het ook ten gevolg dat 'n **vooorgeskrewe kontaktyd** met leerders spandeer moet word. "Buite" skool programme soos die Bybellesse wat Hey! doen val natuurlik nie hieronder nie. Hoofde en personeel moes behoorlik kopkrap hoe om steeds te kon voortgaan met ons lesse. BAIE dankie aan ons Hemelse Vader vir beantwoording van gebede. By meeste plekke kan ons voortgaan, wel met korter tydsgleuf. **Te midde van CAPS is daar steeds groei, WOW God is goed!!!**

3. **WAAR EN BY WIE IS Hey! betrokke in 2013? Hier volg 'n lys van bedieninge waar ons gedurende die kwartaal op 'n weeklikse basis ouderdom spesifieke Bybel kurrikulums aanbied:**



Januarie = opleidingsmaand !!
Welkom nuwe aanbieders ♥

**Gauteng:** 1.**Smarties kleuterskool** Brentwoodpark : 125 kleuters
2.**Brentwoodpark laerskool pre-primêr:** Gr R 120 kleuters
3.**Brentwoodpark laerskool**: Gr 1 tot Gr 3 :12 klasse (360 kinders)
Uiltjie klas – spesiale klas (30 kinders )
4.**Annebel projek** Brandwag Hoërskool 15 kinders)
5. **EG Secunda kinderkerk** (30 kinders)

**Wes-Kaap:**
1.**Beaumont laer,** Somerset-Wes: gr R tot 7, 19 klasse (532 kinders)
2.**Lochnerhof laer,** Strand: gr 1 –7, 29 klasse (860 kinders)
3.**Lochieland**, Strand: gr RR-R, 7 klasse (175 kleuters)
4.**Somerset-Wes primer**: 50 kinders voor skool tydsgleuf
5.**De Hoop laer,** Somerset-Wes gr 3,4&5 (90 kinders) pouse&na skool
6.**Firgrove primer :** (35 kinders) tydens pouse
7..**Lawrencia primêr:** gr 1-3, 3 klasse (120 kinders)
8.**Plaasprojekte:Perelprojek Rustenhofplaas** (45 kinders)
9.**Blaauwklippen** (40 kinders)
10.**Bonnytoun** in Kraaifontein (70 seuns)



**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**



De Hoop gr3's skop CiK af met "Hoop vir kinders" PRET!

Hierdie tel op na **amper 2700 kinders.** Ons het jou gebede nodig vir veral: **groepleiers/aanbieders** wat huidiglik deel is van span maar ook vir **nuwe werkers**. Die groeiende bediening verg ook groter **finansies**! Bid ook hiervoor asb. As jy graag betrokke wil raak deur **debietorder**, eenmalige **donasie** of dalk 'n Hey! kollekte **blikkie** help volmaak kontak my gerus!



Summies : lekker om weer terug te wees by julle!